

CHAIRMAN'S REPORT VOORSITTERSREDE

J C VON SOLMS

Sedert my vorige verslag tydens die 27ste gewone algemene vergadering verlede jaar in Durban, het die toestand van landbou in die RSA nie wesenlik verander nie. Die swak likwiditeit in die landbousektor en 'n algemene gees van pessimisme oor die herstelvermoë van die somergraanbedrywe in besonder, is steeds onderliggend tot die dalende vraag na misstowwe. Ná 'n daling van 3,3 persent in NPK verkope in 1985, het plantvoedselverbruik in 1986 met 'n verdere beraamde 8,3 persent gedaal. Binnelandse plantvoedselverbruik in terme van NPK is nou terug by 'n vlak laer as dié van 1977. Verbruik van kalium- en fosfaatmisstowwe het skerp gedaal as dié van stikstof, sodat verkope van eersgenoemde twee in die binnelandse mark teruggesak het tot die vlak wat in 1974 geheers het. Onsekerheid oor die toekoms van die mieliebedryf, tradisioneel die kunsmisbedryf se grootste klant, in die lig van die aangekondigde pryscenario te midde van sterk negatiewe markkragte (onder andere hoë skuldlas en hoë inflasie) skilder nie 'n baie rooskleurige prentjie vir die kunsmisbedryf oor die korttermyn nie.

Die benarde posisie waarin baie boere hulle bevind, het ná vertoë van die georganiseerde landbou daartoe aanleiding gegee dat 'n interdepartementele komitee aangestel is om ondersoek te doen na insetkoste in die landbou. 'n Verslag van die komitee is vrygestel in Augustus 1986. Die komitee het onder andere bevind dat prysverhogings van misstowwe binne perke was en nie verantwoordelik gehou kan word vir die probleme wat in landbou ondervind word nie. Die bevinding bevestig aansprake uit verantwoordelike kringe in die misstofbedryf, naamlik dat effektiewe misstofpryse die afgelope aantal jare stadiger as die inflasiekoers gestyg het. Aangesien die bedryf geen direkte beheer oor stygende koste gehad het nie, moes hy 'n beduidende deel daarvan self absorbeer. Hier word veral verwys na die hoër koste van grondstowwe wat in die buiteland aangekoop word sowel as die gereelde styging in plaaslike geadministreerde bedryfskoste (elektrisiteit, spoorvervoer, kommunikasie, ens.). 'n Gedeelte van die kosteverhogings is bestry deur verhoogde kostedoeltreffendheid en rasionalisasie, maar 'n groot gedeelte daarvan is noodgedwonge afgeskryf teen steeds krimpemde winsmarges. Dit spreek vanself dat hierdie proses van erodering van die bedryf se totale rentabiliteit nie onbepaald kan voortduur sonder ernstige gevolge vir individuele deelnemers in die besonder, maar ook die bedryf in die algemeen nie.

Die uiteindelijke herstel van die kunsmisbedryf tot 'n meer winsgewende posisie sal onder andere bepaal word deur die herstelvermoë van die Suid-Afrikaanse landbou, veral in die somerreëng gebied. Dit is 'n oorbekende feit dat graanboere in hierdie gebied swaar finansiële laste dra. Feit is egter dat die Suid-Afrikaanse land-

bou in sy geheel gesien reeds tekens van herstel toon. Volgens die Sentrale Statistiekdiens het die reële produksie van die landbousektor in 1986 met ongeveer 16 persent toegeneem vergeleke by 1985. Dit teenoor 'n daling van 'n half persent in die ander sektore gesamentlik. In verband met die herstel in die landbou het die ekonomiese adviesraad van die Staatspresident sekere aanbevelings gedoen, sommige waarvan reeds geïmplementeer is of binnekort geïmplementeer gaan word. Dit is dan ook gepas dat dr André Louw en Chris Bignaut by wyse van twee referate meer lig op die komplekse probleem sal werp.

'n Verslag van die Raad van Handel en Nywerheid oor die hersiening van tariefbeskerming op misstowwe, het in Oktober 1986 verskyn. Hierdie verslag verteenwoordig 'n belangrike mylpaal in die veranderde siening van die Raad ten opsigte van tariefbeskerming. Met die uitsondering van superfosfate is die *ad valorem* reg op alle ander produkte opgehef en 'n teen-dumping formulereg op ureum is ingestel. Enige ander produk kan vry van reg ingevoer word. Die vermindering van tariefbeskerming op misstowwe word in sekere kringe as 'n groot deurbraak beskou deurdat die weg gebaan word vir die invoer van 'goedkoper' insette vir landbou. Ek sien hierin egter 'n groot potensieële bedreiging vir die kunsmisbedryf se voortbestaan.

Die hele kwessie van tariefbeskerming word later in 'n referaat deur mnr Venter bespreek, maar ter wille van perspektief wil ek graag sekere punte in die verband toelig.

Die Suid-Afrikaanse kunsmisbedryf het gegroei uit 'n histories onstabiele en invoergerigte bedryf tot 'n selfstandige en strategies selfversorgende bedryf. Die blote omvang van die bedryf, naamlik 'n kapitale belegging teen boekwaarde van meer as 3 miljard Rand, indiensneming van sowat 11 000 mense en stabiliteit in produksie en pryse getuig hiervan. Kwantitatiewe invoerbeheer sowel as 'n betreklik liberale beleid ten opsigte van tariefbeskerming in die na-oorlogse jare het baie bygedra tot die groei en ontwikkeling van die plaaslike kunsmisbedryf. Die afskaffing van invoerbeheer (maar behoud van uitvoerbeheer) in 1984 en 'n drastiese vermindering van tariefbeskerming in 1986, weerspieël die owerheid se siening van 'n vryer markgerigte ekonomie.

Die wêreld beleef tans 'n oorversadigde mark in landbouproduksie. Dit het gelei tot 'n onderbenutting van produksiekapasiteit van misstowwe wêreldwyd en onstabiele internasionale pryse. Om die omvang hiervan te bepaal, sal ek kortliks die wêreldsituasie ten opsigte van misstowwe skets:

- Die *misstofverbruik* van die ontwikkelende lande het van 55% van wêreldverbruik in 1970/71 gedaal tot 37% in 1984/85, en die verwagting is dat dit tot 33% sal daal in die 1990's. Die grootste daling is in die fosfaatverbruik van 62% in 1970/71 tot 32% in die 1990's. Daarenteen word verwag dat die misstofverbruik in die ontwikkelende lande (Afrika, Latyns Amerika en die Midde-Ooste) van 12% in 1970/71 gaan verdubbel na 24% in die 1990's, en dié van die Oosbloklande gaan toeneem van 33% in 1970/71 tot 43% in die 1990's.
- *Misstofproduksie* het in die ontwikkelde lande gedaal van 61% van totale wêreldproduksie in 1970/71 na 43% in 1984/85. Na raming sal dit slegs 40% van totale produksie in die 1990's uitmaak. Hier is dit veral die stikstofproduksie wat van 60% in 1970/71 tot 'n verwagte 30% in die 1990's sal daal. Terwyl misstofproduksie in die ontwikkelende lande in 1970/71 slegs 6% van totale wêreldproduksie uitgemaak het, sal dit na raming tot 40% in die 1990's styg. Die Oosbloklande se bydrae tot wêreldproduksie sal styg van 33% in 1970/71 tot 'n verwagte 40% in die 1990's. Dit is insiggewend dat die stikstofproduksie van die Oosbloklande van 32% in 1970/71 toegeneem het tot 44% in 1984/85 en verder sal toeneem tot 46% van wêreldtotaal in die 1990's — 'n vergroting van 44% in produksiekapasiteit binne 20 jaar.

Die gevolge wat bogenoemde wêreldverbruik- en produksietendense vir die Suid-Afrikaanse misstofbedryf inhou, is onbeduidend mits die bedryf sy strategiese stabiliteit kan handhaaf. Die bedryf het hom onder normale omstandighede oor die jare bewys as 'n sterk mededinger veral op internasionale grondstofpryse. Die internasionale misstofuitvoermark is egter sterk gekoppel aan vraag en aanbod en sy geskiedkundige seisoenale prysiklus getuig hiervan. Of die plaaslike bedryf sy strategiese stabiliteit sal kan handhaaf, sal in 'n groot mate bepaal word deur die ontplooiing van die owerheid se tariefbeskerminsbeleid binne die eersvolgende paar maande.

Die vinnige uitbreiding in produksiekapasiteit in die Oosbloklande en die derde wêreld het grootliks bygedra tot die prysonstabiliteit wat tans op die wêreldmark ondervind word. Vir die Oosbloklande gaan dit primêr om die verdienste van waardevolle dollars. In dié verband het die VSA se Departement van Handel onlangs bevind dat sommige Oosbloklande ureum op die wêreldmark stort teen pryse wat tot 150 persent laer as fabriekskoste is. Die EG lande en die VSA wat die ergste deur hierdie toestande bedreig word, het in die onlangse verlede strawwe teen-dumping maatreëls ingestel. Hierdie maatreëls is egter eers ingestel nadat onberekenbare skade aan hul vervaardigingsbedrywe aangerig is. Suid-Afrika is ook 'n aanloklike teiken vir uitvoerders en verstoë waarin die noodsaaklikheid van hersiening van tariefbeskerming beklemtoon word, is onlangs deur lede van die Misstofvereniging by die RHN ingedien. Ongelukkig is dit in die huidige landbouklimaat ook waar dat emosie geneig is om logiese perspektief te oorheers.

Ek wil egter benadruk dat invoere van betekenisvolle omvang van sogenaamde goedkoop kunsmis die langtermynlewensvatbaarheid van die bedryf ernstig kan ondermyn. Op die lang duur sal die Suid-Afrikaanse boer uitgelewer word aan die wispelturigheid van wêreldmarkpryse, en 'n hoë prys sal uiteindelik betaal moet word vir die korttermyn voordeel wat tans deur invoere verkry kan word.

During the past year the debate on fertilization levels and fertilization guidelines continued for most agronomic crops but maize in particular. Due mainly to the deteriorating financial position of agriculture in general and the maize farmers in particular, we have seen a further decline in fertilizer application levels in most summer crops. In some hard hit areas where the drought has persisted for a number of years, fertilizer application rates have dropped by more than 60% compared with the best ever fertilizer year of 1981/82. In other less drought prone areas the decline was much less. The reduction in application rates can be related to two important factors.

Firstly, many farmers deliberately exploited soil reserves of P and K and to a lesser degree N which had been built up over years. These farmers can justifiably exploit soil nutrient reserves as long as they last, but many farmers were forced to reduce application rates even where they did not have sufficient soil nutrient reserves. Exploitation of soil nutrient reserves can, of course, not last indefinitely and at some point in future the trend will have to be reversed.

Secondly, there is a definite trend towards low input or low risk farming. In my annual report last year I briefly referred to this change in attitude, but it is such an important issue that I would like to add a few more remarks in this regard. The basic philosophy of low input systems is that profits may be increased through reduced costs even if lower yields are obtained. This is only true in situations where a farmer has increased inputs beyond the point at which marginal costs and returns are equal. Farmers in greatest financial stress would be the least likely to benefit from low input systems on the long run, because they are normally stressed by their fixed rather than their variable costs. It is financial suicide for a farmer with heavy land debt to change to a low input/low output system. The appropriate objective is optimum input, not low input. As a result of the crippling drought in certain areas of the country, we have in some instances lost sight of the basic principles. It is true that strategies should be adopted to accommodate higher or lower yield expectancies in wetter or drier climatic cycles, but the basic principles of optimum economic production do not change.

The consolidation and rationalization of activities within the society, which I referred to in my last report, had been completed during the year. Unfortunately the Research Division had suffered most in the process. The industry is poorer for having lost a great deal of its

research backing and the consequences will have to be assessed from time to time. We were fortunate, however, to retain a position for a senior researcher whose main task it will be to co-ordinate research work in the industry in such a way that unnecessary duplication of effort will be eliminated. The incumbent will also have to re-assess recent FSSA research data in the light of structural changes that are taking place in Agriculture, specifically so in the maize industry.

Other services rendered by the society to the industry and agriculture were largely unaffected by the rationalization and consolidation. I would like to point out a few highlights:

- 'Bemestingshandleiding', a handbook of more than 300 pages covering virtually all aspects of fertilization and fertilizer guides for 21 crops was successfully published. The first printorder of 2 000 copies was sold out in a very short time. An edited and updated English edition is presently being prepared and should come off the press later this year.
- Two successful technical symposia with the theme 'Irrigation in agriculture' as well as a research sym-

posium were held. Proceedings of the symposia were compiled, published and distributed.

- Four research reports were published and distributed.
- The soil analysis check and control scheme run by the Society has been expanded and the number of laboratories participating now stands at 44. There has been an improvement in general in the quality of analyses. At present 28 laboratories participate in our leaf analyses and control scheme. A symposium on soil and leaf analyses was held and this symposium has now become an annual institution. The proceedings of the 1985 symposium were compiled and distributed to interested parties.
- The director and his senior staff have maintained and strengthened valuable communication links with the Department of Agriculture, the Department of Industry, organized agriculture and universities on all matters which affect the fertilizer industry.

I wish you all a pleasant and informative day as guests of the Society.